H.B.Th.

191. T. 2 (26)

# D. F. MALAN-MEDALJE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

## POSTUME TOEKENNING AAN DR. G. B. A. GERDENER

(Stellenbosch, 30 Maart 1968, 10 vm.)

## HULDIGINGSWOORD DEUR PROF. H. B. THOM

x) As Voors. v.d. D.F. Malan-Medalje-Komitee van die S.A. Akad. vir Wet- en Kuns.

Die D.F. Malan-Medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is een van ons vernaamste ere-toekennings. Dit is enige jare gelede deur die Akademie ingestel, ter erkenning van die groot dienste wat wyle dr. Malan aan ons land gelewer het en ter huldiging van die nagedagtenis van hierdie reusefiguur uit die midde van ons volk.

Ooreenkomstig 'n besluit van die Akademieraad word die D.F. Malan-Medalje toegeken aan iemand wat werk van nasionale betekenis vir Suid-Afrika gedoen het, en wel op die een of ander gebied wat in die lewe van dr. Malan self ook van belang was. Dit is nog net éénkeer tevore toegeken, t.w. aan wyle komdt. dr. Chris van Niekerk, jarelank President van die Senaat en in sy leeftyd ook 'n boesemvriend van dr. Malan.

Ons staan tans by die tweede toekenning. Vir die Akademieraad was dit 'n eer en voorreg toe hy verlede jaar, op aanbeveling van sy D.F. Malan-Medalje-Komitee, kon besluit om die tweede toekenning te maak aan dr. Gustav Bernhard August Gerdener. Ofskoon ons in dié tyd reeds geweet het dat dr. Gerdener se gesondheid nie meer na wens was nie, het ons van harte vertrou dat hy sou herstel, en dat ons die voorreg sou hê om die D.F. Malan-Medalje aan hom persoonlik te oorhandig.

Hierdie voorreg is ons nie beskore nie. Dit vervul ons met weemoed dat hy ons ondertussen ontval het; maar terselfdertyd is ons dankbaar dat ons vandag hierdie ere-toekenning aan mev. Gerdener kan oorhandig, en dat ons daarmee ondubbelsinniglik ons waardering kan uitspreek vir

die/.........

die toegewyde arbeid van 'n man wat deur sy Skepper met hoogstaande gawes van verstand en hart begaaf was, en wat nooit versuim het om daardie gawes belangeloos en oorvloediglik in die diens van sy medemens te stel nie. – Ook voorreg op hierdie dag, 30 Maart; 31 Maart was dr. G. se verjaarsdag.

Wyle dr. Gerdener, gebore in 1881, het op baie beskeie wyse as Rynse sendelingseun sy lewensloop te Wupperthal naby Clanwilliam begin. Opgegroei in 'n diep godsdienstige huis, het hy hom tot die bediening aangetrokke gevoel, en het hy hom dan ook aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch hiervoor bekwaam. Nadat hy in 1905 as predikant gelegitimeer is, het hy eers as reisende sekretaris van die Christen Studentevereniging van Suid-Afrika gewerk, en vervolgens ook kursusse in die Geneeskunde in Engeland gaan volg. Sy arbeid in die bediening het in 1913 begin toe hy as sendeling onder die Mohammedane in Kaapstad georden is. Daarna was hy predikant op Stellenbosch, en vervolgens - na verdere studie aan die Universiteit van Tübingen in Duitsland, waar hy die doktorsgraad verwerf het - leraar van die gemeente Wakkerstroom. As dosent begin sy loopbaan in 1933, toe hy na die Sending-Instituut in Wellington gegaan het; daarna (in 1937) word hy professor aan die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch. Hierdie professoraat het hy beklee tot 1955, toe hy sy emeritaat aanvaar het.

Die werk wat prof. Gerdener op die kansel, in die gemeente en in die klaskamer gedoen het, was belangrik en betekenisvol, maar die invloed van sy arbeid het in werklikheid veel verder deurgedring. Gedurende sy lang loopbaan het hy in tal van liggame gedien. Hy was verskeie jare lank voorsitter van die Christen Studentevereniging, en het hierdie beweging 'n hele paar keer op internasionale byeenkomste in die buiteland verteenwoordig. Van 1906 tot 1912 was hy ook redakteur van Die Christen Student, die amptelike orgaan van die Christen Studentevereniging. Hy het werke nagelaat waarvan in ons kerklike lewe dankbare gebruik gemaak is, soos bv. 'n katkisasieboek wat tot vandag toe nog nie uitgedien is nie, en hy het ook in verband met die verwerking van ons Psalm- en Gesangboek in Afrikaans 'n waardevolle bydrae gelewer.

Hy/..........

Hy is egter veral bekend vanweë die werke wat hy in verband met die Kerkgeskiedenis en die Sending vir ons nagelaat het. Uit sy pen het ongeveer sestig boeke en brosjures verskyn. Hieruit blyk dat hy 'n toegewyde navorser en student was, wat énersyds betekenisvolle bydraes tot die kennis op sy vakgebied gemaak het en andersyds die gawe besit het om sy gedagtes helder en pakkend te formuleer. Op Kerkhistoriese gebied sal verskeie van sy werke steeds groot waarde hê, bv. Boustowwe vir die Kerkgeskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep (1930), Ons Kerk in die Transgariep (1934), en Die Boodskap van 'n Man: Lewensskets van Prof. J. du Plessis (1943).

Suid-Afrika sal prof. Gerdener ook altyd dankbaar bly vir die treffende werk wat hy as sendingstaatsman gelewer het. Nie alleen het hy self sendingwerk gedoen nie, maar hy was ook voorsitter van die Algemene Sendingkommissie van die Kaapse Kerk, en deur sy publikasies het hy rigting aan die sendingbeleid van die Kerk gegee en sy invloed selfs ver buite die grense van Suid-Afrika laat geld. Van 1939 tot 1950 was hy redakteur van die sendingblad Op die Horison, terwyl hy in Die Kerkbode baie jare lank vir die sending-rubriek verantwoordelik was. Op die gebied van die Sending het hy eweneens vir ons werke van blywende betekenis gelaat, o.a. 'n Eeu van Genade (1938), Baanbrekers onder die Suiderkruis (1940), Reguit Koers gehou (1951), en Die Afrikaner en die Sending (1959).

Dit hoef ons nie te verwonder nie dat die dienste van 'n man met die ervaring en onderlegdheid van dr. Gerdener, ook op die ruimer terrein van rassebetrekkinge in ons land deur verskeie persone en organisasies ingeroep is; en ook dat hy oral waar dit vir hom moontlik was, gewilliglik sy dienste gegee het. Hy was lid van die Kommissie i.s. Bantoe-onderwys (1949 - 1951); en in 1948 was hy een van die stigterslede van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (Sabra), 'n organisasie waarvan hy in die jare 1951 - 1955 self voorsitter was.

Uit die voorgaande sal dit duidelik wees dat dr. Gerdener geleef en gewerk het vir groot dinge wat ook in die lewe van dr. D.F. Malan swaar geweeg het. Ons weet ook dat hierdie twee manne intieme vriende en ware geesgenote van mekaar was. Die motivering vir die toekenning van die D.F. Malan-Medalje aan wyle dr. Gerdener, word egter nog des te duideliker as ons daaraaan dink dat ons in dr. Gerdener 'n wellewende mens gehad het, 'n lojale vriend, 'n regskape vaderlander, 'n begrypende eggenoot en vader, - kortom, die soort van mens op wie se nagedagtenis sy naasbestaandes met reg trots kan wees, die soort van mens wat vir Suid-Afrika - en vir elkeen van ons - 'n ware gawe van die Here was.

Ek ag my gelukkig dat ek nou mag vra dat ter erkenning van die grootse dienste van dr. G.B.A. Gerdener, 'n postume toekenning van die D.F. Malan-Medalje aan dr. Gerdener gemaak word; en dat dit by hierdie geleentheid aan mev. Gerdener oorhandig word. Mag hierdie medalje vir haar en haar kinders, ondanks die verdriet van hulle groot verlies, steeds 'n bron van vreugde wees.

H. B. THOM

Stellenbosch,
30 Maart 1968.